HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

Algemene Oueromsendbrief No 23 van 2020

22 Julie 2020

Geagte ouers/voogde onderwysers en leerders

'n Paar gedagtes en sake vir u aandag:

1 Tussentydse Beheerliggaamsverkiesing:

Mnr. Kenneth Colin is met 228 stemme teen twee tot volwaardige lid van die Beheerliggaam van Hoërskool Randburg verkies. 'n Kworum van ouers het aan die stemming deelgeneem en ons bedank elke deelnemer hartlik vir u respons.

Mnr. Colin kan nou in 'n amptelike hoedanigheid sy werksaamhede as die finansiële bestuurder van ons skool voortsit. Ons finansiële komitee het met groot sorg verseker dat ons in hierdie tyd van die Kovid-pandemie nie bekommernisse oor ons skool se finansies het nie en ons is baie dankbaar vir die voorsorg en kontroles wat hulle deurlopend in plek stel.

2 Skole oop of toe?

Die Departement van Onderwys en die regering oorweeg die eise van die grootste onderwysvakbonde dat skole dadelik sal sluit. Ons het vanoggend nog geen terugvoer oor samesprekings ontvang nie en is, soos alma,l in die duister oor wat die uitkoms van die samesprekings gaan wees.

Sodra ons weet sal ons met u kommunikeer.

3 Graad 12:

Ons graad 12-leerders skryf vanaf Woensdag 'n formele toetsreeks en ons wens hulle sterkte toe met die wens dat elkeen goeie resultate sal behaal. Ons sien hierdie toetsreeks

as ’n sinvolle voorbereidings-en hersieningsmoment met die oog op die eindeksamen later vanjaar. Van ons vakke se amptelike sillabuswerk vir die jaar is ook afgehandel en dit bied nou ’n unike geleentheid tot intensiewe hersiening en eksamenvoorbereiding.

4 Terrein:

Die brug en klubhuis se bouwerk verloop volgens plan en skedule. Een van die dae kan ons dienspad se verkeer na normaal terugkeer.

5 Kovid-statistiek:

Dag		Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry
Maand		Julie					Julie				
Datum		13	14	15	16	17	20	21	22	23	24
Personeel	Totale aantal Kovid gevalle vanaf 29 Junie 2020	1	1	1	1	1	1	1			
	Herstel van Kovid-19	1	1	1	1	1	1	1			
	Netto Kovid-19-aktief (personeel)	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**			
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	**3**	**1**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**			
	Ko-morbiditeit afwesig (werk van die huis af)	2	2	2	2	2	2	2			
	Gewone siekverlof (nié Kovid-19-verwant)	1	1	3	5	4	4	3			
	Gewone verlof	1	2	1	1	1	0	0			
Leerders	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 29 Junie	0	0	0	0	0	1	1			
	Herstel van Kovid-19	0	0	0	0	0	0	0			
	Netto Kovid-19-aktief (leerders)	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**1**	**1**			
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	**14**	**8**	**16**	**16**	**18**	**10**	**5**			
	Ko-morbiditeit afwesig (werk op *Google Classroom*)	6	19	6	9	6	12	8			
	Siek (nié Kovid-19-verwant)	16	5	21	12	19	12	8			
	Afwesig: ander rede	23	31	39	33	38	37	14			
TOT	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 29 Junie	1	1	1	1	1	2	2	0	0	0
	Herstel van Kovid-19	1	1	1	1	1	1	1	0	0	0
	Netto Kovid-19-aktief (onderwysers + leerders)	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**1**	**1**	**0**	**0**	**0**
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	**17**	**9**	**16**	**16**	**18**	**10**	**5**	**0**	**0**	**0**
	Ko-morbiditeit afwesig	8	21	8	11	8	14	10	0	0	0
	Siek (nié Kovid-19-verwant)	17	6	24	17	23	16	11	0	0	0
	Verlof/Afwesig ander rede	24	33	40	34	39	37	14	0	0	0

Ons skool het sy tweede Kovid-geval. Een van ons leerders het positief getoets met opname in die Johannesburgse Algemene Hospitaal se Kinder-Psigiatriese afdeling. Dié betrokke leerder is reeds meer as ’n week afwesig. Na rapportering aan die Gesondheidsdepartement is bepaal dat die leerder ten tye van haar skoolteenwoordigheid voldoen het aan die skool se veiligheidsprotokolle en geen simptome by die skool gewys het nie. Die toets is met haar hospitalisasie gedoen.

Met klasse wat daagliks gesaniteer word, het ons instruksie om bloot voort te gaan met die daaglikse Kovid-kontrole van ons leerders en personeel. GEEN leerder of onderwyser moes die week nog weens simptome weggewys word nie.

Ons het redelike sekerheid dat hierdie insident, weens die langer tydperk van afwesigheid en verdere verwagte afwesigheid, nie ’n risiko vir ons ander leerders en onderwysers is nie.

Enkele van ons afwesige personeel het as voorsorg vir Kovid-toetse gegaan en ons is dankbaar dat al die toetse negatief teruggekom het.

Ons versoek wéér dat indien ’n leerder enige Kovid-simptome, griep- óf verkoue- simptome toon, daardie leerder eerder by die huis sal bly en ’n dokter sal raadpleeg. So help beskerm ons mekaar teen verspreiding van die virus.

6 Slot:

Ons almal bly deurlopend bekommerd oor die impak van Kovid op ons samelewing en verál die impak op ons skool.

Mag ons die insig en wysheid ontvang om met verantwoordelikheid hierdie uitdaging te bly bestuur en deurlopend ons mense se veiligheid as ’n eerste oorweging te stel.

Ons betuig ook vandag ons innige meegevoel met die Burchell gesin wat hulle pa en eggenoot, Anton, weens ’n hartaanval aan die dood afgestaan het. Mag julle as gesin nét genade van Bo ontvang.

Ons wens elke huis gesin sterkte toe met die wete dat Ons Skepper steeds bo alles, in beheer bly.

Vriendelike groete.

P. Booysen: Hoof